

Sing vooraf staande: Psalm 25:6, 7 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 100:1, 2, 3, 4 (p. 494)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2, 3 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed

Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Skriflesing: Romeine 6:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 27:72 en 73

Kernvers: Romeine 6:4

Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. (Romeine 6:4 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 72: Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Efes 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam (a) wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word (b).

(a) Open 1:5; 7:14; 1 Kor 6:11. (b) Mark 16:16; Gal 3:27.

Tema: Deur die doop word ons verseker van God se troosryke genade

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die mens het nou maar eenmaal die geneigdheid om dit wat die Here vir ons in liefde gegee het óf oor te beklemtoon óf onder te beklemtoon. Dit gebeur hoofsaaklik omdat ons mense baie maal die Skrif op grond van ons eie insigte wil verstaan. Met die eerste twee vrae en antwoorde in Sondag 27 word ons daartoe gelei om die regte waarde aan die sakrament van die heilige doop te heg. Aan die een kant word ons gekeer dat ons die waarde van die doop nie moet oorskak nie, en aan die ander kant word ons gekeer dat ons die waarde van die doop nie sal onderskat nie.

Vraag 72 van ons Kategismus sluit nou aan by die laaste antwoord wat ons Sondag 26 bely het. Aan die einde van Sondag 26 word gevra: **Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?** In antwoord op hierdie vraag haal ons sommige van die Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament aan wat direk op die doop betrekking het. Maar dit is veral die laaste Skrifgedeeltes in hierdie antwoord wat aanleiding gee tot die eerste vraag in Sondag 27. Die laaste Skrifgedeeltes wat ons aan die einde van Sondag 26 aanhaal, is Titus 3:5 en Handeling 22:16. Die antwoord het so gelui: Die een **wat glo en hom laat doop, sal gered word**. En dan: **Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem**.

Juis omdat die mens van nature die Skrif op grond van sy eie insigte wil verstaan, bestaan die gevaar dat die mens bloot op grond van die aangehaalde woorde uit Titus en Handeling sal sê: Wanneer jy gedoop word, word jy terselfdertyd van jou sondes skoon gewas en wedergebore. Ook uit die gedeelte in Romeine 6 wat ons saam gelees het, kan, as dit met menslike insig uitgelê word, so verstaan word. Wanneer jy gedoop word, het jy deel aan Christus se dood en opstanding. Maar as jy nie gedoop is nie, het jy nie deel aan sy dood en opstanding nie en gevolglik is jou sondes dan ook nie afgewas en is jy nie wedergebore nie.

Geliefdes, indien 'n mens gaan redeneer dat jy gedoop moet word om van jou sondes skoon gewas en wedergebore te wees, oorskak ons die waarde van die doop. Dan lê die een slaggat na die ander op 'n mens se pad van geloofsgroei. Maar voordat ons op enkele van hierdie slaggate let, laat ons eers kyk waar kom hierdie oorskakting van die doop vandaan. Ons Kategismus is gebore in die tyd van die Hervorming toe die Protestante hulle van die Roomse Kerk afgeskei het. As gevolg van die valshede wat in die Roomse

Kerk ingesluit het, het dit in die sestiende eeu ook al duideliker geword dat die Roomse Kerk aan die doop 'n oormatige waarde toegedig het. Volgens hulle word nie alleen die Here se beloftes aan die dopeling met die doopwater beseël nie. Die doopwater word die middel waardeur die genade van die Here aan die dopeling gegee word.

Die Roomse Kerk leer dat die mens regverdig word deur middel van die doop. Deur die doop, sê hulle, word die sondes van die mens afgewas en die geloof, hoop en liefde word deur middel van die doop aan die dopeling geskenk. Die gevolg is dat die mens se oog en hart gerig word op die sakrament van die doop waardeur die genade sogenaamd geskenk word en die mens se geloof is nie meer gerig op God wat sy genade in Christus aan die mens toesê nie. Gevolglik het die mens dan ook nie meer die verkondiging van die Woord nodig nie, want hy het mos die sakrament van die doop waarin die genade aan hom uitgedeel is. Dit verklaar ook waarom die preekstoel in die Roomse Kerk plek moes maak vir die altaar, want in plaas daarvan om 'n Woordkerk te wees het hulle 'n sakramentskerk geword.

Die doop word sodoende 'n magiese handeling; 'n mens kan amper sê die doop word 'n towerstaf. As jy gedoop is, sal jy gered word en die ewige lewe beërwe. Verder, as die doop nie meer 'n teken en 'n seël van God se Woord is nie maar die handeling word waardeur God se genade toegeken word aan die dopeling, volg die volgende: die priester word nou die beskikker van die verlossing. Dit is nou nie meer God wat in Christus vrymagtig mense van hulle sondes vergewe en vryspreek nie. Die priester kry nou die mag om die verlossing van sondes te gee aan wie hy wil. Want sonder die doop is dit mos volgens die Roomse Kerk onmoontlik om gered te word. En gevolglik word die doop dan ook voorwaarde vir die verlossing: Jy word verlos omdat die genade van die doop aan jou geskenk is, in plaas van: Jy word gedoop omdat die Here die genade van die verlossing aan jou belowe.

Maar hierdie oorskatting van die doop is nie net tot die Roomse Kerk beperk nie. As die mens aan die doopwater die vermoë toeken om 'n mens se sondes regtig af te was, sal die mens nou tot die uiterste gaan om besondere water in die hande te kry. Daarom het die mense al sover gegaan om te sê dat jy met die water van die Jordaanrivier gedoop moet word, want geen ander water het die vermoë om jou sondes af te was nie. Of hulle gaan sover om te sê dat 'n paar druppels doopwater nie genoeg is om die sondes af te was nie. Jy moet heeltemal onder die water gedompel word om van al jou sondes gewas te wees.

Broers, susters en kinders, wie hierdie weg van oorskatting van die doop wil opgaan, loop nie net die gevaar om in slaggate te trap nie maar veroorsaak ook 'n hindernis op die pad van geloofsgroei. Hoe sal 'n mens getroos kan lewe en sterwe in Christus as jy dan sterf sonder om gedoop te wees, of om gedoop te wees met gewone skoon water van Bellville en dan ook nog net 'n paar druppeltjies daarvan? 'n Mens sal dan mos nie troosryk kan lewe nie.

Maar om getroos te lewe en te sterwe in Christus, bely ons: Dit is nie die doopwater wat ons sondes afwas nie. **Alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.** Ook die gelowige wat sterf sonder dat hy gedoop is, as gevolg van omstandighede wat nie sy eie skuld is nie, sal aan sy verlossing geen skade ly nie. Net die bloed van Christus en die Heilige Gees het hom ook van alle sondes gereinig, want deur middel van die geloof in Christus sy Verlosser wat die Gees met die Woord in sy hart gewerk het, het God hom vrygespreek.

Ons moet baie goed onthou, dit is nie die persoon of die geloof van die persoon wat met die doop verseël word nie. As dit die geval was, kon ons slegs op grond van ons doop aanspraak gemaak het op verlossing. Wat word dan wel met die doop verseël? Dit is God se belofte wat tweevoudig verseël word: Eerstens word die waarheid van God se belofte verseël. As God belowe dat 'n mens deur middel van die geloof in Christus gered sal word, is dit die waarheid. Tweedens word die toesegging dat die belofte van krag word vir die mens wat daaraan glo, verseël. Dit wil sê, die mens wat die teken van die doop nie in die geloof ontvang nie, dit is hy wat die belofte van God nie glo nie; hy ontvang alleen die uiterlike teken en nie die seël nie. En hy ontvang dit tot sy eie oordeel.

Daarom gebruik ons nooit die sakrament van die heilige doop sonder die verkondiging van die Woord of buite die erediens nie. Deur die Woord wek die Heilige Gees immers geloof in ons harte op en met die doop versterk Hy ons geloof. Die doopwater kom derhalwe nie in die plek van Christus se bloed en die Heilige Gees nie. Die doopwater bly altyd 'n teken van sy bloed vir die wat aan God behoort. En 'n mens word nie gedoop om 'n lidmaat van Christus te word nie. Dit is andersom – omdat ons lidmate van Christus is, is ons gedoop.

As die doopwater dan nie regtig ons sondes afwas nie, **waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes?** Geliefdes, **God sê dit nie sonder gewigtige rede nie.** Die doop is nie sommer maar net 'n plegtigheid wat gedoen of gelos kan word nie. Vir God is die doop 'n gewigtige saak, want Hy wil aan elke dopeling wys en leer dat Hy 'n saak met hom en haar het en ook dat hy en sy 'n saak met God het. God se saak met elke dopeling hou verband met die mens se sondes en sy hele lewe.

Wanneer die Heilige Gees die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes noem, **leer God ons dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Hy verseker ons ook met hierdie Goddelike waarborg en teken dat ons regtig geestelik van ons sondes gewas is** – so seker as wat ons kan sien dat water die vuilheid van ons liggaam wegneem.

Kom ons bekyk die saak van nog nader ter wille van ons kinders. Wat doen water? Water was ons liggaam skoon van al die vuilheid wat daaraan kleef. Wat doen Christus se bloed? Christus se bloed was die sondes van ons siele af wat daaraan kleef. Wat doen water nog? Water wek lewe. Wanneer jy uitgeput en doodmoeg is, is daar niks soos water wat 'n mens weer kan verfris en krag gee nie. Wat doen die Gees van Christus dan? Hy wek nuwe lewe uit ons dooie sondaarsharte sodat ons in staat is om hoe langer hoe meer die beeld van Christus in ons lewe te vertoon.

Indien dit nog enigsins onduidelik is waarom die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes genoem word, kan ons nog een beeld uit die alledaagse lewe gebruik om dit te verduidelik. Aan iemand wat onder swaar verdenking gebuk gaan oor iets wat hy glad nie gedoen het nie, bring iemand 'n brief en sê vir hom: Tel op jou kop, jong! Hierdie brief neem alle bedenkinge oor jou weg. Maar hoe kan 'n brief 'n mens dan bo verdenking plaas? Nee, dit is nie die brief self wat 'n mens bo verdenking plaas nie, maar die getuienis van iemand wat oor die onskuld van hierdie man getuig is in hierdie brief geskryf. Omdat die brief dan hierdie getuienis bevat, sê ons dat die brief hom bo verdenking plaas. So is dit nou ook met die doop. Die doop is God se getuienis of belofte wat Hy met die doop aan die dopeling verseël, naamlik dat Hy ons met die bloed en Gees van Christus van al ons sondes skoon was.

Omdat die doop vir God so 'n gewigtige saak is, mag ons dit nie onderskat nie. Daarom bring ons ons kinders so gou as moontlik om die teken te ontvang dat hulle skoon gewas word van hulle erfsonde sowel as van hulle werklike sondes. Jesus Christus het die straf in hulle plek gedra. As aangenome kinders behoort hulle aan ons Vader in die hemel. Soos wat water hulle uiterlik reinig, so reinig die bloed en Gees van Christus mense van hulle sondes.

As 'n kind gedoop word, weet ons vanselfsprekend dat die kind gebore is. Tog weet ons ook dat hy gebore is om te sterf, want hy is in sonde ontvang en gebore. Juis daarom kom ons na die doopvont toe. Met die kosbare lewetjie in ons arms kom ons om te sê: Ag Here, wees ons arme sondaars genadig! Hierdie kind van ons is kragtens sy geboorte uit sondaars vir die dood opgeskryf. Hy sal die dood nie ontvlug nie. Gee vir ons u teken dat daar vir hom hoop is om gespaar te mag bly van die ewige dood. Ons smeek hierdie bede omdat Hy sy ewige verbond met ons ook bevestig het – 'n verbond van geslag tot geslag.

Voordat die doop dan bedien word, antwoord die ouers plegtig op 'n aantal vrae. Hierdie antwoorde is niks anders nie as 'n belofte aan God, met die hele gemeente as getuie, dat hierdie kind in die verbond grootgemaak sal word. Maar dit is ook 'n gebed uit die ouers se harte om genade vir die opvoeding van die kind sodat sy doop inderdaad vir hom 'n teken van sy verlossing sal wees en nie 'n teken van sy oordeel nie.

Dan sien ons die waterdruppels. Ons hoor die doopformule: ***Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees***. En die ouers en die gemeente weet dat hierdie kindjie dood is, hy het reeds gesterf, want hy is gedoop in die dood en graf van Christus. En as hy skoon gewas is deur die bad van die wedergeboorte, dan sal hy lewe. Ja, sy hele lewe op aarde sal 'n oopbreek en 'n afbreek wees van die sondekettings wat hom na die dood wil saamsleep. Sy lewe sal 'n opstanding uit die dood van die sonde wees – hoe langer hoe meer. Hy sal lewe, want hy is gedoop in die dood van Jesus Christus.

Geliefdes, dan begryp ons dat ons hier by die doopvont vlakby Golgota te staan gekom het; die grafdoeke is nog om ons kinders, maar die graf lê agter hulle. Dat dit gebeur, is 'n wonder wat niemand kan ontken nie. Niemand kan dit ongedaan maak nie, want God self het in die doop sy gewigtige saak met ons kinders bevestig.

Daarom geliefdes, laat ons die doop nooit oorskat nie, maar in die geloof ontvang as die teken wat God self vir ons gee. Laat ons die doop nie onderskat nie, want in die doop bevestig God dat Hy 'n saak het met elke dopeling.

Amen!

Slotgebed

Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Augustus 2014**